



Lêerno.: 20/3/8  
Verwysing: 20230727-6770

Assesseringsbestuursminuut: 0011/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

**Onderwerp: Risikobestuur vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-), en Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens in Oktober/November 2023 en Mei/Junie 2024**

1. Hierdie minuut dien om prinsipale/sentrumbestuurders in kennis te stel van die moontlike risiko's wat 'n impak op die afneem van die NSS- en SS-eksamens in Oktober/November 2023 en Mei/Junie 2024 kan hê, en hoe om dit vroegtydig te identifiseer. Prinsipale/sentrumbestuurders word ook versoek om 'n omvattende gebeurlikheidsplan op te stel en dit tydens die skryffase van die eksamen in werking te stel wanneer dit vereis word.
2. Dit is belangrik dat behoorlike en gedetailleerde beplanning om die NSS-/SS-eksamens af te neem die skryffase van die eksamen voorafgaan om te verseker dat 'n skool/eksamensentrum die minimum voorgeskrewe vereistes om as 'n eksamensentrum te dien, nakom, aksies implementeer om moontlike risiko's te verminder en planne opstel om gebeurtenisse wat tydens die skryffase van die eksamen mag voorkom, te bestuur. Prinsipale/sentrumbestuurders word daaraan herinner dat die voorgestelde strategieë om risiko's te beperk en die gebeurlikheidsplan op hul spesifieke skool/eksamensentrum gemik moet wees.
3. Die *Regulasies vir die Afneem, Administrasie en Bestuur van die NSS-eksamen, 2008*, soos gewysig in 2019, beskryf die basiese vereistes vir 'n skool/eksamensentrum om as 'n eksamensentrum te dien. Skole/eksamensentrums moet jaarliks selfevaluering doen deur middel van die ouditinstrument op SOBIS, wat gebruik word om nakoming van vereistes te bepaal. Skole/eksamensentrums kan hul gereedheid om die NSS-/SS-eksamens af te neem aan die hand daarvan evalueer. Kringbestuurders sal die inligting en data verifieer en moet die skole/eksamensentrums in hul betrokke kring bystaan om volledige nakoming van die minimum voorgeskrewe vereistes om as 'n eksamensentrum te dien, te verseker.

4. Prinsipale/sentrumbestuurders moet kennis neem dat hulle volle verantwoordelikheid moet aanvaar vir alle eksamenverwante prosesse wanneer die NSS-/SS-eksamens by hul skole/eksamensentrums afgeneem word. Hierdie verantwoordelikheid mag nie gedelegeer word nie.
5. **Die identifisering van risiko's en gebeurlikheidsbeplanning vir die NSS-/SS-eksamens**
  - 5.1 Die bestuur van 'n geloofwaardige eksamen by elke inrigting hang af van die vroeë identifikasie van potensiële risiko's en die bestuur van risikoverminderingstrategieë om dit te beperk of uit te skakel. Dit is dus noodsaaklik dat prinsipale/sentrumbestuurders hierdie potensiële risiko's, wat 'n impak op die eksamen by hul skool/eksamensentrum kan hê, lank voor die aanvangsdatum van die eksamen identifiseer. Risikoverminderingstrategieë moet beheermaatreëls en aksies spesifiseer wat voor die aanvang van die skryffase van die eksamen geïmplementeer sal word.
  - 5.2 Benewens die risikobestuurplan van die skool/eksamensentrum, word van alle skole/eksamensentrums verwag om 'n gebeurlikheidsplan op te stel wat op hul spesifieke skole/eksamensentrums van toepassing is. Die gebeurlikheidsplan moet op die veiligheid van kandidate en beskerming van die integriteit van die eksamen fokus. Dit moet protokolle insluit waartoe toegang verkry kan word in die geval van 'n gebeurtenis.
  - 5.3 Die gebeurlikheidsplan moet duidelik die protokolle identifiseer wat gevolg moet word wanneer kandidate die eksamenlokaal vir kort tydperke tydens die afneem van 'n eksamensessie moet ontruim. Die ontruimingsprotokol moet met alle personelede en opsieners, wat tydens die uitvoering van hierdie plan betrokke is, bespreek word.
  - 5.4 Skole/eksamensentrums word aangemoedig om die kontakbesonderhede van alle ouers/primêre versorgers van kandidate te bekom om te verseker dat hulle tydens 'n noodgeval gekontak kan word. Die inligting moet in ooreenstemming met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) bestuur word.
  - 5.5 Alle skole/eksamensentrums moet die kontakbesonderhede van hul naaste nooddienste bekom: polisie, ambulans en brandreddingsdienste. Hierdie kontaknommers moet maklik toeganklik wees in geval van nood en moet ingesluit word in die gebeurlikheidsplan en eksamenlêer van die skool/eksamensentrum.
  - 5.6 Prinsipale word aangeraai om die plaaslike polisiestasie by hul skool/eksamensentrum te betrek deur te versoek dat hulle meer sigbaar is wanneer die eksamens geskryf word.
  - 5.7 Die gebeurlikheidsplan moet die volgende areas insluit, maar is nie beperk nie tot:
    - 5.7.1 Risiko-area: Sekuriteit/veiligheid en toegangsbeheer
    - 5.7.2 Risiko-area: Bestuur van die kluis/instapkluis
    - 5.7.3 Risiko-area: Kommunikasie
    - 5.7.4 Risiko-area: Toesig

- 5.7.5 Risiko-area: Bestuur van onreëlmatighede
- 5.7.6 Risiko-area: Kandidate met akkommodasies/toegewings wat elektroniese toestelle gebruik, wat skrywers en lesers of 'n aparte lokaal noodsaak
- 5.7.7 Risiko-area: Rekenaars wat tydens die eksamen onklaar raak
- 5.7.8 Risiko-area: Kragonderbreking tydens die eksamen, d.w.s. Rekenaar-toepassingstegnologie (RTT) en Inligtingstegnologie (IT)
- 5.7.9 Risiko-area: Noodgeval voordat kandidate die eksamenlokaal binnegaan
- 5.7.10 Risiko-area: Noodgeval terwyl kandidate besig is om eksamen te skryf

5.8 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) verskaf hiermee riglyne wat as voorbeelde van 'n risikobestuur- en gebeurlikheidsplan dien (**Bylae A** en **Bylae B**) om skole/eksamensentrums met die opstel en saamstelling daarvan te help.

5.9 Die moniteringsdokumente wat vir die monitering van die NSS-/SS-eksamens en RTT Vraestel 1-eksamen gebruik sal word, is vir u gerief by hierdie minuut aangeheg (**Bylae C: WCED Instrument 2023** en **Bylae D: CATN.1**). Prinsipale/sentrumbestuurders kan hierdie dokument tydens hul beplanningssessies raadpleeg wanneer hulle hul unieke risikobestuur- en gebeurlikheidsplan opstel.

## 6. Voorkoming/teenwerking van onreëlmatighede

- 6.1 Risikobestuur moet ook strategieë insluit om onreëlmatighede teen te werk.
- 6.2 Die volgende onreëlmatighede het tydens die skryffase van November 2022 se NSS-eksamen plaasgevind:

Tipe onreëlmatigheid
Kandidate in besit van 'n selfoon (ongemagtigde toestel)
Kandidate in besit van ongemagtigde materiaal
Kandidate wat 'n verkeerde vraestel of vlak skryf
Versuim om vraestelle wat uitgereik is teen kandidate se toelatingsbrief te verifieer
Onvoldoende toesigbeheer (d.w.s. een opsiener per 30 leerders)
Register vir skrifbeheer, punteblaai en sitplekplanne is verkeerd voltooi
Prosedure vir bondelverpakking is verkeerd gedoen

- 6.3 Prinsipale word aangemoedig om tydens die proeftydperk voor die eksamen die eksamenreëls met alle leerders te bespreek om hulle op hierdie manier vir die eindeksamen in Oktober/November 2023 voor te berei. Tydens die eksamens in Oktober/November 2023 en Mei/Junie 2024, word aanbeveel dat kandidate self hul sakke, potloodhouders en omhulsels waarin toelatingsbriewe gedra word, deursoek.

6.4 Prinsipale/sentrumbestuurders moet hulself van die volgende inligting vergewis:

Minuut	Titel	Opsomming
Assesseringsbestuursminuut 0013/2017, gedateer 24 Augustus 2017	Maniere waarop assesseringsonreëlmatighede tydens nasionale eksamens geminimaliseer kan word	Riglyne om onreëlmatighede te beperk en gepaste strafmaatreëls vir onreëlmatighede.
Assesseringsbestuursminuut, 0010/2021, gedateer 30 Julie 2021	Voorkoming van onreëlmatighede tydens die afneem van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)- en Senior Sertifikaat (SS)- eksamens	Inligting oor onreëlmatighede en riglyne om onreëlmatighede gedurende die afneem van die NSS-/SS-eksamens te voorkom.

- Prinsipale/sentrumbestuurders word daaraan herinner om aanbevelings wat kringbestuurders, assesseringskoördineerders en die provinsiale ouditkoördineerder tydens die ouditverifiëringsbesoeke van Junie tot September 2023 maak, te implementeer en bekommernisse wat hulle opper, te verminder. Dit sal verseker dat die skool/sentrum ten volle aan eksamensentrumvereistes voldoen en dat hulle gereed is om die NSS-/SS-eksamens in 2023/2024 aan te bied.
- Kringbestuurders moet verseker dat prinsipale/sentrumbestuurders die risikoverminderingstrategieë vir die geïdentifiseerde risiko's implementeer. 'n Vorderingsverslag oor die implementering van die risikobeheermaatreëls en aksies wat op die risikobestuursplan gelys word, moet voor of op **29 September 2023** via die kantoor van die kringbestuurder by die assesseringskoördineerder ingedien word.
- 'n Afskrif van die skool/sentrum se omvattende gebeurlikheidsplan moet voor of op **20 Oktober 2023** by die kringbestuurder en assesseringskoördineerder van die betrokke distrik ingedien word.
- Die WKOD wens prinsipale/sentrumbestuurders die beste toe met hul voorbereiding om die NSS-/SS-eksamens in 2023/2024 af te neem.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2023-08-11